SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2016

## GRAAD 10

| |
|---|
| **EKONOMIE** |
| **VRAESTEL 1** |

**PUNTE: 150**
**TYD: 2 uur**

**13 bladsye**

* K 3 *

**b.o.**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(VRAESTEL 1)**

**PUNTE: 150**
**TYD: 2 uur**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   **AFDELING A:** VERPLIGTEND
   **AFDELING B:** Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   **AFDELING C:** Beantwoord enige EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne enverseker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde in ooreenstemming met die vereistes van die vrae is.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 C

1.1.1 Die konsep geleentheidskoste illustreer die .... tussen goedere

A skaarsheid
B prys van keuse
C kombinasie

1.1.2 Ekonomie is ŉ sosiale wetenskap wat bestudeer hoe mense hulle veelvoudige behoeftes bevredig met ...

A beperkte middele.
B onbeperkte middele.
C beperkte tevredenhied.

1.1.3 ŉ Stelsel waaronder mense land en beskerming van die landeienaar ontvang, staan as... bekend.

A guldes
B verstedeliking
C feudalisme

1.1.4 Dit word algemeen aanvaar as betaling vir goedere en dienste en dien as waardedraer van ... geld.

A kommoditeits
B moderne
C primitiewe

1.1.5 ŉ Soort straf wat deur lande uitgevoer word op ŉ land waar onaanvaarbare beleide en praktyke toegepas word.

A Apartheid
B Tariewe
C Sanksies

1.1.6 Die stelsel wat die waarde van die geldeenheid in terme van goud meet, staan bekend as die ...

A swewende geldeenheid.
B goudstandaard.
C goudreserwe.

1.1.7 Die verdeling van sekere werksaktiwiteite in die produksieproses staan bekend as ...

A produktiwiteit.
B spesialisasie.
C verdeling van arbeid.

1.1.8 Die koste verbonde aan die leen van geld word ... genoem.

A lening
B inflasiekoers
C rentekoers

(8x2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Parastataal | A Alle mense het ʼn basiese mensereg om beskerm te word teen armoede, ongeletterdheid en eienaarskap. |
| 1.2.2 Huishouding | B Die gebruik van gereedskap en metodes om goedere en dienste in die ekonomie te produseer |
| 1.2.3 Vryheid | C Goedere geproduseer deur die plaaslike ekonomie en gekoop deur die buitelandse sektor |
| 1.2.4 Handel | D Die beweging van mense vanaf plattelandse gebiede na stedelike gebiede |
| 1.2.5 Meganisasie | E ʼn Maatskappy wat gedeeltelik of ten volle besit of bestuur word deur die staat |
| 1.2.6 Duo-ekonomie | F ʼn Groep mense wat saamleef en saam ekonomiese besluite neem wat dieselfde inkomste deel |
| 1.2.7 Uitvoere | G Die naasbestaan van die moderne ekonomie met selfvoorsienende aktiwiteite |
| 1.2.8 Arbeidsmag | H Dit is vrywillige uitruiling van goedere en dienste |
| | I Die ekonomiese aktiewe bevolking wat bestaan uit mense tussen die ouderdomme van 15 en 64 wat werk of aktief besig is om werk te soek |

(8x1) (8)

1.3 Gee die korrekte term vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die begrip langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die volgehoue toename in die wêreldtemperatuur, as gevolg van menslike aktiwiteite

1.3.2 Die gedeelte van die inkomste van ŉ huishouding wat nie spandeer word nie.

1.3.3 ŉ Metode van handelsdryf waarby een kommoditeit geruil word vir ŉ ander kommoditeit met dieselfde waarde

1.3.4 Wanneer iets gesamentlik of deur alle lede van 'n groep of deur ŉ gemeenskap besit word

1.3.5 ŉ Stelsel waardeur ŉ land se arbeid en hulpbronne benut en bestuur word deur ŉ ander land om die regerende land in die proses te verryk

1.3.6 Mense wat gewillig en in staat is om te werk, wat nie ŉ werk kan vind nie (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE vertakkings van Ekonomie. (2x1) (2)

2.1.2 Waarom maak ekonome gebruik van ekonomiese modelle? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **Waarde toegevoeg in R Miljoene** | **2010** |
|---|---|
| Primêre sektor | 141 906 |
| Sekondêre sektor | 373 024 |
| Tersiêre sektor | 1 124 555 |
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse | 1 639 485 |
| Belasting op produkte | 312 863 |
| Subsidies op produkte | 19 106 |
| **Bruto Binnelandse Produk teen markpryse** | **A** |

2.2.1 Watter metode word hierbo gebruik om die BBP te bereken? (1x1) (1)

2.2.2 Noem enige ander metode wat gebruik kan word om die BBP te bereken. (1x1) (1)


2.2.3 Bereken die BBP teen markpryse **A.** (Toon alle berekeninge.) (4)

2.2.4 Vergelyk die bruto binnelandse produk met die bruto nasionale produk. (2x2) (4)

2.3 Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Prentjie 1



Prentjie 2

2.3.1 Identifiseer die twee soorte verbruikersgoedere wat deur die prentjies uitgebeeld word. (2x1) (2)

2.3.2 Watter deelnemer in die ekonomie sal intermediêre goedere gebruik? (1x2) (2)

2.3.3 Veduidelik kortliks wat 'kapitaalgoedere' is. (2x1) (2)

2.3.4 Waarom dink jy, is daar 'n opwaartse beweging in die gebruik van die goedere uitgebeeld in prentjie 2? (4)

2.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen *vrye goedere* en *ekonomiese goedere.* (2x4) (8)

2.5 Hoe kan makroekonomie verskil van mikroekonomie? (2x4) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE vakbonde in Suid-Afrika. (2x1) (2)

3.1.2 Hoe kan ŉ toename in inkome tot die ontwikkeling van nywerhede lei? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

# Planne ophande om stedelike migrasie te bekamp

"Suid-Afrika se eerste inisiatief om migrasie van mense van plattelandse gebiede na stedelike gebiede te voorkom, is voor die deur. Menslike nedersettings minister Lindiwe Sisulu sê dat haar departement saamwerk met sy eweknieë, Plattelandse Ontwikkeling en die Departement van Landhervorming om Agri-parks bekend te stel. Agri-parks is ŉ konsep wat plattelandse gemeenskappe verander in nywerhede deur landbouproduksie.

Sisulu sê dat Agri-parks een manier is om die toename in verstedeliking vanaf plattelandse gebiede na stedelike gebiede te bekamp. Sodoende kan mense ŉ leefwyse bekom in hul gemeenskappe, deur hul plaaslike gemeenskappe net so aantreklik te maak soos stedelike gebiede. Migrante lewe op die rande van stedelike gebiede, wat lei tot oorbevolking in informele plakkerskampe, of krotbuurte.

Sisulu sê dat die staat besef het dat daar hoegenaamd niks is wat hulle kan doen om migrasie na stedelike gebiede te stop nie ...

***[Bron: Vusi Xaba; Sowetan, Maandag, April 11 2016]***

3.2.1 Wat is stedelike migrasie? (1)

3.2.2 Verskaf ŉ rede vir hierdie tipe migrasie. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die staat se plan om stedelike migrasie te voorkom. (1x2) (2)

3.2.4 Waarom is stedelike migrasie ŉ probleem vir die staat? (2)

3.2.5 Minister Lindiwe Sisulu sê dat "die staat besef het dat daar hoegenaamd niks is wat hulle kan doen om migrasie na stedelike gebiede te stop nie." Evalueer hierdie stelling. (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Die heel vroegste gemeenskappe was nomade. Hulle was bekend as jagter-versamelaars. Hulle het 'n gebied beset, al die beskikbare hulpbronne opgebruik en as daar nie meer voedselbronne oor was nie aanbeweeg tot die volgende plek.

3.3.1 Watter fase van ekonomiese ontwikkeling word deur die spotprent uitgebeeld? (1)

3.3.2 Haal EEN aktiwiteit aan wat deur hierdie fase gekenmerk word. (1)

3.3.3 Landboukunde is een van die karaktereienskappe van hierdie fase. Verduidelik kortliks TWEE ander kenmerke van hierdie fase. (4)

3.3.4 Hoe affekteer globalisering die Suid Afrikaanse ekonomie? (4)

3.4 Verduidelik verstedeliking gedurende die volwassenheid stadium in die selfvoorsienende fase. (4x2) (8)

3.5 Die twee belangrikste gevolge van industrialisering is die ontwikkeling van ŉ gesofistikeerde vervoer en kommunikasie netwerk. Regverdig hierdie stelling. (2x4) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE & EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE produksiefaktore. (2x1) (2)

4.1.2 Waarna verwys positiewe ekonomie as ŉ metode van ekonomie? (1x2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **Sektor** | **Jaar** | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **2009** | **2010** | **2011** | **2012** |
| Industrie | 21.6 | 18 | 74 | 35 |
| Landbou | 2.5 | 1.7 | 3 | 3 |
| Konstruksie | 7.1 | 5 | 1 | 3 |
| Vervoer en Kommunikasie | 10.2 | 6.8 | 8 | 32 |
| Ander | 31.1 | 35 | 24 | 13 |

**[Bron: Sentrale Buro vir Statistiek]**

4.2.1 Noem die organisasie wat hierdie informasie gepubliseer het. (1)

4.2.2 Verskaf EEN voorbeeld van ŉ industrie of onderneming wat onder die opskrif "ander" geklassifiseer kan word. (1)

4.2.3 Verduidelik volledig die terme *primêre-* en *sekondêre industrieë*.(2x2) (4)

4.2.4 Waarom is daar ŉ merkbare afname in die relatiewe bydrae van landbou tot die BBP oor die afgelope jare? (2x2) (4)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Inheemse kennis kan navorsers help om krisis op te los**

Afrika navorsers is aangemoedig om inspirasie vanuit inheemse kennis en innoveringstelsels te bekom in plaas daarvan om moderne kommersiële metodes te gebruik om oplossings te kry vir die kontinent se ontwikkelings probleme.

ŉ Voorbeeld van die suksesvolle implementering van Afrika se inheemse kennis is die gemengde stelsel wat deur verskillende gemeenskappe in Oos-Afrika gebruik word. In Chad, gebruik plaaslike boere ŉ inheemse reënaangedrewe besproeiingstelsel om plantasies en oeste op suksesvolle wyse in woestyngebiede te kweek, maar hierdie metode was onsuksesvol vervang deur moderne kommersiële besproeiingstelsels.

Om suksevolle positiewe navorsings metodes in Afrika te vestig, moet daar dringend gekyk word na die integrasie van Westerse tegnieke met lewensveranderende inheemse kennis, en ook om dit op verskillende vlakke te integreer, om sodoende ŉ toename in innovering en kreatiwiteit regoor die kontinent te kweek.

**[*Aangepas uit Universiteit Wêreld Nuus; Wachira Kigotho 12 Junie 2015 Uitgawe Nr: 371*]**

4.3.1 Noem EEN voorbeeld van ŉ inheemse boerdery metode soos in die artikel genoem. (1)

4.3.2 Definieër die konsep *inheemse kennis stelsels* (IKS). (2)

4.3.3 Hou inheemse kennis stelsels enige ekonomiese voordeel in vir die inheemse goepe in ŉ land, na jou mening? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (3)

4.3.4 Volgens die artikel, waarom is dit belangrik om die Westerse navorsingstegnieke met inheemse kennis stelsels te integreer en watter voordele hou dit vir die breër gemeenskap in? (4)

4.4 Bespreek die faktore wat ekonomiese ontwikkeling bevorder het asook die faktore wat ekonomiese ontwikkeling bemoeilik het gedurende die veeteelt- en landbou-fase in Suid-Afrika (2x4) (8)

4.5 Hoe kan inspuitings die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel? (4x2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

**Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.**

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks. 2** |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte**<br>Bespreek in besonderhede / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte**: Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor | **Maks. 26**<br><br><br><br>**Maks. 10** |
| **Slot / samevatting**<br>Enige hoër-orde samevatting behoort die volgende te bevat:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal.<br>• Enige opinie of waarde-skatting omtrent die bespreekte feit.<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk.<br>• ŉ Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis.<br>• Aanbevelings / voorstelle. | **Maks. 2** |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE- 40 MINUTE**

Elke land se ekonomie ondervind sikliese patrone.

- Bespreek breedvoerig die verskillende fases in die besigheidsiklus, met behulp van ŉ diagram. (26)
- Ten slotte, evalueer die faktore wat buite die markstelsel voorkom wat verantwoordelik is vir veranderinge in die besigheidsiklus. (10) **[40]**

**OF**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Die vroeë bankwese is ontwikkel om meer valuta beskikbaar te stel om geld en subsidie-lenings toe te ken. Banke moes 'n inwonende boekhouer hê om te verseker dat die geld en waardevolle items veilig was.

- Bespreek die geskiedenis van die bankwese in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (26)
- Die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) is die monetêre toesighouer oor alle geldverwante kwessies van die land. Evalueer hierdie stelling aan die hand van die funksies wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank vervul word. (10) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**